

**25 November**

**Skrifgedeelte: Handeling 20:17-38**

**Fokusgedeelte: Handeling 20:24**

**'n Lewenstaak**

Paulus is hier op pad terug na Jerusalem. Daar sal hy gevange geneem word en hy weet self nog nie hoe dit sal afloop nie. Op pad gaan hy by Efese aan en roep die ouderlinge byeen om hulle aan te moedig om goed vir die kerk van die Here te sorg. Hy begin deur sy eie lewe as voorbeeld te gee. Hy reken sy eie lewe as kosbaar, maar tog nie belangriker as sy lewenstaak nie. Sy lewenstaak is "om die evangelie van God se genade te verkondig".

Gaan maar sy lewensverhaal na en jy sal vind dat dit hier nie maar net praatjies is nie. Lees 2 Korintiërs 11:23-28 en kyk hoeveel opofferinge hy gemaak het vir hierdie lewenstaak. En ook nou dat hy weet dat hy hom gaan vasloop teen die Jode in Jerusalem, bly hy op hierdie lewenstaak gefokus.

Dit is tyd dat ons ook nadink oor ons eie lewenstaak. Waarvoor leef ons eintlik? Ons wat die evangelie uit genade ontvang het, is ook geroep om hierdie evangelie te verkondig. Of ons werk om geld te maak, of ons leer om te werk om geld te maak, ja elke dag moet ons ons primêre taak voor oë hou: om uit te deel wat ons gratis gekry het. Selfs as jy afgetree het van jou werk, bly die taak van getuie-wees 'n lewensroeping.

In die huidige tyd waar ons vrese mag hê dat dinge vorentoe slegter kan word, mag dit ons nie van ons fokus aftrek nie. Dit is juis nou die tyd om soos Paulus te dink aan die offer van Christus, en dan te onthou dat jou kosbare lewe dan ook van geen belang is nie, solank jy net jou lewenstaak voltooi.

Hoe ons die huidige omstandighede van ons land hanteer, sal juis die mooiste getuienis wees van die evangelie van sy genade. Laat ons nie nou terugdeins nie, maar klaar maak waarvoor die Here ons eintlik getaak het.

*Sing: Psalm 40:4 (1936)*

*Ds M van Helden (Centurion)*